

# BYBEL-MEDIA

## Jou 2016-Bediensvennoot

### Nuusbrief 14/2016

#### Jongste Kerkbode:



Kerkbode van 22 Julie vertel die storie van **Britstown** se kruiswaens en van 'n projek wat begin om hoop te bied in 'n konteks vol wanhoop. Dit vertel ook die verhaal van die NG gemeente **Moreletapark** en die groot uitreik na hulle plakkerbure, van wie honderde deur 'n brand dakloos gelaat is.

Lees ook hoe daar in die middestad van Pretoria hoop gebring word deur ondersteuning aan mense en plekke wat voorskoolse kinders versorg.

In die gay debat is die vraag na die rol van die wetenskap in die kerklike debat op die tafel.

Daarby skryf ds Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die algemene sinodale moderamen, oor die NG Kerk se hertoelating tot die Wêreldraad van Kerke.

# Teken gratis in op die e-Kerkbode by [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za)

### Jongste publikasies van Bybelkor:

#### Kleurmeditasies vir Koninkrykstyf:



Hierdie boek is die ideale hulpmiddel as jy Koninkrykstyf 'n tyd van vernuwing wil maak. Dit help jou ook met die geloofsgewoonte om elke dag vriendskapyd met God deur te bring.

Die geloofsgedagtes in hierdie boek fokus op die seisoen in die kerkjaar wat as Koninkrykstyf bekendstaan. Dit is die tyd waarin die kerk dink oor die betekenis van Jesus Christus se verhaal en dit op verskillende maniere uitleef.

Dit is die tyd van die jaar tussen Pinkster en Advent, maar eintlik vier ons en dink ons oor die implikasies van Jesus wat mens geword, gesterf, opgestaan en opgevaar het, en wat sy Gees na ons gestuur het.

Prys: **R135,00** (BTW en posgeld ingesluit). **Reeds beskikbaar!**

### Om God in mekaar te sien - vir kleingroepbespreking

Om 'n volging van Jesus te wees impliseer dat ons alle mense menswaardig sal behandel. Jesus self het vir ons die voorbeeld gestel met die deernisvolle manier waarop Hy kinders, vroue, siekes, armes en verstotenes liefgehad en ingesluit het.

Ons volg Sy voorbeeld wanneer ons begin om God in mekaar raak te sien en mekaar verras deur mekaar te respekteer, na mekaar te luister, mekaar lief te hê en mekaar te omarm.

Prys: **R 60,00** (BTW en posgeld ingesluit). **Reeds beskikbaar!**




### Nog twee e-Boeke - beskikbaar op die webtuiste:

#### Jesaja (e-Boek) verklaar deur HAJ Kruger

*Jesaja* vorm deel van die *Insig in die Bybel*-reeks, 'n vers-vir-vers studie van die Bybel. Die boek sluit in: agtergrond, indeling en vers-vir-vers verklaring van die boek Jesaja. Ander titels beskikbaar in die *Insig in die Bybel*-reeks: Sefanja, Matteus, Josua, Nahum, Die briewe van Johannes, Numeri, Hosea.

Formaat: Elektroniese boek in ePub-formaat. Die boek vertoon optimaal op toestelle met groter skerms (tablette of rekenaars).

Prys: **R 199,00** – koop direk op webtuiste.



# BYBEL-MEDIA


## Jou 2016-Bediensvennoot

### Protesstem (e-Boek) - Jaap Durand

In *Protesstem* neem Jaap Durand ons op 'n reis deur sy oomblikke van herinnering ... Cottesloe, Kwazakhele, Belhar, die struggle-jare, Dakar en talle ander onvergeetlike oomblikke wat vir hom belangrik was en wat hom diep geraak het.

Uiteraard vertel hy hierdie verhale vanuit sy perspektief. Tog bly dit herinneringe wat die leser nie onaangeraak sal laat nie. Om te onthou is immers deel van ons menswees. Ons leef vanuit ons herinneringe. Dit vorm deel van ons identiteit.

Prys: **R 140,00** – koop direk op webtuiste.



### Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210

Of stuur jou bestelling per e-pos na: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)

Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za), klik dan op winkel.

Groete vanuit Wellington.

Hans Steyn  
Bybel-Media  
E-pos: [hans@bmedia.co.za](mailto:hans@bmedia.co.za)  
Tel: 021 864 8223